

## ONTKENNING OEFENINGE:

1. Herskryf die volgende sinne in die ontkennde vorm.

- 1.1 Sy is nog in Zimbabwe.
- 1.2 Hy skryf môre eksamen.
- 1.3 Help my, asseblief.
- 1.4 Óf Megan óf Lushinka kom vanaand kuier.
- 1.5 Sy sê dat sy iets gehoor het.
- 1.6 Koop daardie boek.
- 1.7 Ek het besef dat ek dit moet doen.

2. Beantwoord die volgende vrae. Begin elke antwoord met *Nee*, ...

- 2.1 Verstaan jy die werk?
- 2.2 Het jy al ooit dié tydskrif gekoop?
- 2.3 Weet jy wat aangaan?
- 2.4 Was hulle al hier?
- 2.5 Eet hy altyd so baie?
- 2.6 Het sy gesê waarheen ons moet gaan?
- 2.7 Het jy my boek êrens gesien?
- 2.8 Weet iemand hoe laat die partytjie begin?

3. Skryf in die ontkennde vorm:

- 3.1 Volgens die weerburo gaan dit vir die volgende twee weke aanhoudend reën.
- 3.2 Die *Titanic* lê nog diep êrens op die see se bodem en vergaan.
- 3.3 Matthew het gevra of hulle al ooit probeer help het.
- 3.4 Die diepsee-sleepboot *John Ross* het die *Titanic* alreeds probeer opspoor.
- 3.5 Daar was toe al 'n ander sleepboot.
- 3.6 Nicole is reeds onrustig oor die kind.
- 3.7 Is die skoolhoof nog siek?
- 3.8 Wayne het sy bes gedoen; gevolglik het hy goeie vordering gemaak.
- 3.9 Ashley dra vandag 'n dik jas, want dit is so koud.
- 3.10 Wees tog asseblief geduldig met Patrick.
- 3.11 Maak asseblief die yskas oop.
- 3.12 Óf ek óf jy sal die koek moet eet.
- 3.13 Bly dadelik stil!
- 3.14 Mike het iets in sy sak.
- 3.15 Hulle was almal siek.
- 3.16 Hy het al die hele kas uitgepak.
- 3.17 Iemand moet die klok lui.

- 3.18 Êrens in die huis is daar rotte.
- 3.19 Maak die deur toe.
- 3.20 Phillip is steeds in die eerste span.
- 3.21 George is mal oor sport.
- 3.22 Iemand moet die klok lui.
- 3.23 Help my asseblief nou!
- 3.24 Ry tog asseblief stadig!
- 3.25 Hy wil 'n hamer leen om die spyker in te slaan.

4. Beantwoord die vrae in die ontkenende vorm:

- 4.1 Moet ons al gereed wees?
- 4.2 Het Michelle reeds die eksamen afgelê?
- 4.3 Is die man nog daarin geïnteresseerd?
- 4.4 Het Brandon enige foute raakgesien?
- 4.5 Het hy gesê wie jy moet roep en wanneer?
- 4.6 Is die man wat daar staan, jou pa?
- 4.7 Sal jy êrens 'n motor kan leen?
- 4.8 Het jy al uitgevind waar sy woon?
- 4.9 Het jy iets gekoop om te eet?
- 4.10 Verstaan jy die werk wat julle nou in Afrikaans doen?
- 4.11 Is sy nog 'n onderwyseres?
- 4.12 Het Skye nog iets gesê?
- 4.13 Het jy al ooit 'n motor self bestuur?
- 4.14 Het hy al iets in die water gevind?
- 4.15 Is hulle al hier?